**22 Mei 2020** **Vreesloos 2: Hoekom is ek bang?**

Ons almal het seker al die ervaring gehad. Stories gehoor van monsters in die kaste of dalk daar is ‘n monster onder jou bed en baie het groot geword en altyd vir mamma en pappa gevra om tog net seker te maak daar is geen monster ons die bed of in die kas nie.

Ons het ons veiligheid dan gevind in die vertroostende woorde van mamma en pappa dat daar is nie monsters onder die bed wat jou in die nag gaan oorval en die donkerte insleep nie. So kon ons rustig slaap

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Oomblik van Stilte – Meer as ooit

**Skriflesing: Matteus 8:23-27**

| | |
|---|---|
| 23 | Toe Jesus in die skuit klim, het sy dissipels Hom gevolg. |
| 24 | Skielik het daar 'n hewige storm op die see losgebars, sodat die golwe oor die skuit geslaan het. Maar Jesus het geslaap. |
| 25 | Hulle kom toe en maak Hom wakker en sê: “Here, red ons! Ons vergaan!” |
| 26 | Hy sê vir hulle: “Waarom is julle bang, kleingelowiges?” Daarna het Hy opgestaan en die wind en die see hard aangespreek, en dit het doodstil geword. |
| 27 | Die mense het hulle verwonder en gesê: “Watter soort mens is hy dat selfs die wind en die see hom gehoorsaam?” |

**Preek**

Dis opvallend hoe vrees ons die afgelope paar maande oorval het. Dit was aanvanklik ‘n ongemaklike geknaag in ons onderbewussyn, die feit dat ons vriendelik gehok is oor die COVID 19 virus ons menswees bedreig.

Die vreemdste is egter dat vrees nog altyd teenwoordig was en nie iets nuuts is nie.

Nou vrees is:

- die siekte van ons tyd.
- dit deel nie graag nie.
- Daarom kan vrees en geluk en vreugde nie saam woon nie.
- Vrees is onproduktief.
- Dit hou ons vas,
- hou ons terug,
- en vrees verlam ons.

Maar wat as ons 'n lewe sonder vrees kon leef? Kan jy jou so 'n lewe indink? 'n Lewe waar jou eerste reaksie op bedreigings nie vrees is nie, maar geloof.

Dit is die moontlikheid wat ons in vandag se teks hoor, wanneer Jesus vra:

**"Waarom is julle bang, kleingelowiges?"**

Kom ons begin by die begin en luister hoe een van die mense vir wie Jesus hierdie woorde gesê het, die storie laat onthou:

| | |
|---|---|
| 24 | Skielik het daar 'n hewige storm op die see losgebars, sodat die golwe oor die skuit geslaan het. Maar Jesus het geslaap. |

Familie en vriende hierdie was 'n hewige storm, 'n "geweldige storm" sê Matteus

'n Aarde wat bewe en ruk onder jou voete.

- 'n Storm wat jou tot in jou wese ruk.

Hierdie is nie sommer enige storm nie. Dis 'n storm om lewe en dood.

- En dis onverwags! "Skielik", vertel Matteus.
- Jesus het in die skuit geklim, sy dissipels het Hom gevolg. En skielik het daar 'n hewige storm losgebars.
- Die dissipels het Jesus gevolg! Ons verwag, wanneer daar vertel word van gelowiges wat Jesus volg, dat daar gelukkige gevolge sal wees.

- Toe Jesus in die skuit klim, het sy dissipels Hom gevolg. Skielik was daar 'n pragtige reënboog in die lug en 'n trop wit duiwe het in pragtige formasie oor die boot gevlieg terwyl die see soos 'n spieël geglinster het.
- Dis hoe ons dink dit moet wees, wanneer ons die Here volg.
- Ons was dan nou gehoorsaam!
- Ons het hom dan gevolg tot hier!  Nou is dit sekerlik sy taak om te sorg dat die see saggies glinster.
- Dit sal veilig wees.

## Maar Jesus belowe nêrens 'n gladde see nie.

Inteendeel, Jesus sê:  In die wêreld sal julle dit moeilik hê; (Johannes 16:33). Ons het ons ore uitgeleen aan voorspoedteologie wat sê ons sal gesond wees en voorspoed beleef.

Maar dis nie wat Jesus sê nie.

Wat Christene anders maak as ander, is nie 'n gebrek aan storms nie.

Wat ons as kinders van die Here egter anders maak, is **Wie** ons in die storm ontdek:

- Jesus,
- in die middel van ons storms ontdek ons hierdie Jesus.

Dan wanneer ons ons teks lees dan lees ons nadat die dissipels Jesus gevolg het dat hulle in die boot geklim het saam Jesus, toe het Jesus gaan lê en slaap!

- Jesus slaap
- Storms dreig
- Donderweer brul.
- Branders slaan oor die dek.
- Die bootjie word heen en weer geslinger.
- Maar Jesus slaap.

En dis waarskynlik die ergste ding vir die dissipels:  **nie die storm nie**, maar dat Jesus slaap!

Vers 25 lees ons Hulle (Die dissipels) kom toe en maak Hom wakker en sê:

- “Here, red ons! Ons vergaan!”

Hulle vrees veroorsaak dat hulle twyfel oor Sy liefde en omgee en bystand: “Here, gee u nie om nie?”  Familie en vriende dis wat vrees aan ons doen.

- Vrees vernietig ons vertroue in God se goedheid.
- As God kan slaap in ons storms, as God se oë kan toe wees terwyl ons bootjie water skep, gee Hy dan regtig vir ons om?
- Saam met die branders van die storm, looi vrees ons met brander na brander van twyfel en onsekerheid.

Dan wil ons begin beheer hê.  “Doen iets!”, is die implisiete opdrag agter die dissipels se uitroep.

Wanneer vrees veroorsaak dat ons voel dat ons beheer verloor, dan begin ons om almal rondom ons te probeer beheer.

Hoe meer onseker ons voel, hoe gemener raak ons – soos 'n dier wat in 'n hoek vasgekeer is.

Die dissipels het alle rede om Jesus te vertrou!  Hulle was saam met hom, nou net nog, toe hy “elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak” het.

Hulle het gesien hoe hy mense gesond maak met 'n aanraking – of net 'n woord!  Hoe duiwels op die vlug slaan.

Maar toe die storm opkom, toe vergeet hulle die dissipels van hierdie Jesus se wonderdade.

- Toe word hulle bang!
- Dit is wat vrees is.
- Dit veroorsaak geestelike geheueverlies.
- Dit laat ons vergeet wat Jesus gedoen het en hoe goed God is.

Vrees is iets wat nie na die armes omsien nie, vrees is iets wat nie die naaste kan liefhê nie – wat nog te sê die vyand!

- Vrees tas as't ware ook ons liefde vir God en liefde vir ons naaste aan!
- Daarom moet ons oorgee en eerder ons veiligheid vind in ons Herder
- Ons Herder, Jesus Christus maak oorlog met die vrees binne ons.
- Ons Herder, Jesus Christus konfronteer dan hierdie vrees van die dissipels in vers 26 met die vraag:

"Waarom is julle bang, kleingelowiges?"

Ek wil dit amper inlees dat Jesus hier vir die dissipels wil vra maar onthou julle nie?

- Ek het siekes gesond gemaak en julle het dit gesien,
- blindes het Ek laat sien,
- stommes het Ek laat praat,
- verlamdes het Ek laat loop?
- Hy wil eintlik sê: Dit is nogsteeds Ek wat hierdie dinge gedoen het wat by julle is!
- Waarom is julle dan nog bang?
- Waarom twyfel julle dan nou?

Die opdrag wat Jesus die heel meeste gee, in die Woord van die Here is:

- moenie bang wees nie
- Hou moed
- moenie ontsteld wees nie

Want sê die Here "Ek is by jou"

Verreweg die meeste van Jesus se opdragte, het daarmee te doen om nie toe te laat dat vrees ons oorweldig nie. Die tweede meeste opdragte sê ons moet God liefhê, ons naaste liefhê soos onsself.

Dus Jesus neem vrees baie ernstig op. Die een ding wat ons meer by Hom hoor as enige iets anders, is: Moenie bang wees nie.

Wanneer vrees ons egter oorweldig en verlam laat, dan is dit nie van God af nie.

- Ons wêreld mag vol vrees wees, maar ons harte hoef nie vol vrees te wees nie.
- Ons hoef vrees nie in te nooi in ons lewe nie

Jesus se opdragte roep ons altyd op tot geloof. En geloof is dapper

Dan lees ons dat Jesus het opgestaan en die wind en die see hard aangespreek, en dit het doodstil geword.

- Jesus hanteer ons groot storms met groot kalmte.
- Daarom hoef ons nie te vrees wanneer daar storms oor ons lewe kom nie.

Ons hoef bekommerd te wees vir die monsters in die kas of onder die bed nie, want ons hemelse Vader is in beheer! Hy kyk uit vir ons. Hy gee om oor ons!

Sy liefde vir jou en my is veels te groot om ons aan ons eie genade of selfs ons vrese oor te laat!

As jy bang word onthou hierdie een bybelversie:

**Joshua 1:9**

**Ek self, gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."**

Jesus bedaar die storm. Jesus is groter as die storms van jou lewe! Daarom hoef ons nie bang te wees nie!

Amen

**Gebed:**

**Slotlied – O. Heer my God**

**Seën:**
Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee".